

1. **Bernardus VREY**, verw. nr. stamvader.<sup>1</sup> Bernard (of Bernardus) Vrey kom van Montabaur (Duitsland). Hy kom in 1750 as matroos in Suid Afrika aan en word later timmerman en bouknegt. In 1756 word hy burger (De Villiers, CC / Pama C: Geslagsregisters van die Ou Kaapse families, 1981).

Sy van word ook as Vry of Frey aangedui. Alhoewel hy sy handtekening as Frey geteken het, blyk dit egter dat daar 'n ander familie na Suid-Afrika gekom het met hierdie variansie in die spelling en nie familie van Bernardus was nie. Enige van hierdie spellings wat aangetref word in Bernardus se nageslag (b.v. Daniel Johannes Frey) is slegs foutiewe spelling van die naam. Daar kom wel verskeie voorbeelde voor waar die variasie Vry aangetref word.

In die publikasie Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 9de jaargang, Personalalia of the Germans at the Cape, 1652-1806 deur J Hoge (datum onbekend), verskyn daar 'n inskrywing oor Bernhard Vry. Hy word beskryf as huis-timmerman 1751 en plaas-hulp 1752-55. Bron verwysings word gegee: GMR (Generale monsterrollen) 175; CJ 1143:87; Rq (Requests) 1756:92; G.R. (D/P) nr 1035.

Daar blyk ook 'n ander persoon te wees, Jacob Vrij, wat nog voor Bernard na Suid-Afrika gekom het. So byvoorbeeld vind ons 'n voetnota in die Resolusies van die Politieke raad van die Kaap (1720-1723) 'n verwysing na Maria Beijers wat getroud was met Jacob Vrij en Hans Jacob Conterman. Jacob Vrij blyk nie om enige nageslag wat sy naam verder gedra het agter te gelaat het nie. Hy het in 1695 as soldaat aangekom, as plaas-hulp gewerk van 1695-98 en burger geword in 1701 in Stellenbosch. Hy sterf in 1719 (Hoge). In die publikasie, the Record of a series of official papers.. (D Moody) word daar melding gemaak van 'n klagte ontvang van die Hottentot Bastiaan, dat ene Joseph Vrey 10 beste en 'n aantal skape van hom weg geneem het.

Daar is ook 'n verwysing in die indeks van die Kaapse argiefstukke van 1779 na Anna Margaretha Vrij, vrou van M Lutz.

Daar het 'n Onderkorporaal Edward Napoleon Frey in 1901 gedurende die Anglo-boereoorlog na Suid Afrika gekom. Hy was in St Louis Missouri gebore en het op 20 Junie 1901 gesterf in 'n veldslag by Waterkloof. (Lees verder oor hierdie veldslag in Maurice, J.F. ,samesteller, en M.H. Grant. History of the war in South-Africa, 1899-1902. Vol. 4, p225). Sien ook MOOC 1901/3777. Hy is in die St Peters Kerkhof, Kaapstad herbegrawe op 20 Augustus 1904.

Hy trou (1) **Anna VAN AARDE**, trou 24 Mei 1756,<sup>2</sup> (dogter van Theunis Gerritsz VAN AARDE en Hiletje KERVEL) gedoop 24 Mrt 1737,<sup>2</sup> verw. nr. b2c3.<sup>2</sup> **Anna**: Nie veel is bekend oor Anna nie. Sy kom uit 'n gesin van 5 dogters en twee seuns. Slegs haar jongste broer, Christiaan het 'n nageslag nagelaat, waarvan al die Van Aardes in Suid-Afrika afstam. Anna is van die eerste geslag van Van Aardes wat in Suid-Afrika gebore is. Haar oupa, Gerrit van Aarde wat met Levina Theinis van Genz getroud was, kom van Delft. Hy het waarskynlik voor 1732 na die Kaap gekom aangesien hy in die De la Fontaine verslag van Vryburgers aan die Kaap in 1732 beskryf word as 'n ou dronkaard, beset met skulde. Gerrit het met sy dogter Barendina, en sy seun, Theunis, na die Kaap gekom. In dieselfde De la Fontaine verslag word die genoem dat Theunis (Anna se vader) op sy vader se plaas woon om 'n bestaan te maak. Dit word ook genoem dat Theunis van Rotterdam kom. Anna is waarskynlik voor 1768 oorlede, aangesien Bernardus toe met Anna Margaretha Botha getroud is.

Hy trou (2) **Anna Margaretha BOTHA**, trou 6 Okt 1768,<sup>2</sup> (dogter van Jacobus BOTHA en Sophia VAN ROOYEN) gedoop 22 Jun 1749,<sup>3</sup> verw. nr. b4c3d6.<sup>3</sup> **Anna**: Anna Margaretha Botha kom uit die vierde geslag van die reeds goed gevestigde Botha familie van die Kaap. Die stamvader van die Botha familie, Fredrich Both kom van Wagenheim, naby Gotha na die Kaap in 1678 as soldaat en word vryburger in 1683. Vanaf 1686 boer hy vir Jan Coenelisz waar hy as bywoner woon. Anna se ma, Sophia van Rooyen is van die eerste geslag van die van Rooyens wat op Kaapse bodem gebore is. Sy was die oudste dogter van Cornelisz van Rooyen wat van Gorichem, Netherland, na Suid-Afrika gekom het in 1713.

1.1. **Bernardus VREY**, (seun van Bernardus VREY en Anna VAN AARDE) gedoop 18 Sep 1757,<sup>2,1</sup> verw. nr. b1.<sup>2,1</sup>

1.2. **Daniel VREY**, (seun van Bernardus VREY en Anna Margaretha BOTHA) g. 1770 in Kaap Kolonie,<sup>4</sup> gedoop 1 Jul 1770,<sup>2,1</sup> s. 11 Mrt 1846 in Swellendam,<sup>4</sup> verw. nr. b2,<sup>2,1</sup> beroep boer. MOOC 1846/8350, 75j. Burger Swellendam.

Hy trou (1) **Sophia Catharina BARNARD**, trou 17 Okt 1790,<sup>2,1</sup> g. Sep 1770 in Swellendam,<sup>4</sup> (dogter van Hendrik BARNARD en Magdalena Jacoba BOTHA) gedoop 28 Jul 1771,<sup>2</sup> s. 30 Des 1840 in Weltevreden, Grootboschberg,<sup>4</sup> verw. nr. b2c4d2.<sup>2</sup> **Sophia**: Sophia Catharina Barnard was Daniel se niggie. Haar moeder, Magdalena Jacoba Botha, was die suster van Daniel se moeder. Boedel: MOOC 1841/4724, 70j 3m.

Hy trou (2) **Alida Helena GELDERBLOEM**, trou 7 Jun 1841,<sup>5</sup> g. 8 Jan 1796 in Swellendam,<sup>6</sup> (dogter van Thomas Izak GELDENBLOEM en Catharina Maria SCHWEEDEN) gedoop 3 Apr 1796 in Tulbagh, Kaap,<sup>6</sup> s. 21 Nov 1859 in Buffelsdrift, Swellendam.<sup>4</sup> **Alida**: Haar sterfkennis dui haar aan as wedewee van Piet en dogter van Cornelis Gelderbloem . MOOC 1859/6570, 63j 10m. Heese / Lombaard dui haar aan as die dogter van Thomas Izak Gelderbloem van Gorinchem, Nederland, voorleser te Swellendam en Catharina Maria Schweeden. Hesse / Lombaard dui haar verder aan as eers getroud met Hendrik Reid en noem ook dat sy en Roelof van der Schyff 'n seun genaamd Izak Johannes (\*25/9/1815 ~ 24/11/1816) gehad het. Haar troudatum word as 7/6/1741 aangedui, maar dit moet 'n drukfout wees aangesien sy toe nog nie gebore was nie.

1.2.1. **Barend Johannes VREY**, (seun van Daniel VREY en Sophia Catharina BARNARD) gedoop 15 Mrt 1792.<sup>2</sup> Lidmaat van die Swellendam Kerk (29.8.1810).

Hy trou<sup>2</sup> **Maria Gerbrecht Magdalena BREITENBACH**, (dogter van Jacob BREYTENBACH en Anna Maria BESTER) gedoop 9 Nov 1794,<sup>7</sup> verw. nr. b2c1.<sup>6</sup>

1.2.1.1. **Sophia Catharina VREY**, gedoop 8 Des 1816,<sup>2</sup> verw. nr. b2c1d1,<sup>2</sup> s. 22 Aug 1888.<sup>6</sup>

Sy trou **Daniel Jacobus Christoffel NEL**, trou 14 Okt 1832 in Swellendam,<sup>6</sup> g. 16 Jan 1814,<sup>6</sup> (seun van Jan NEL en Carolina BECK) gedoop 24 Nov 1814 in Paarl,<sup>6</sup> verw. nr. b10c2d4e13.<sup>6</sup>

1.2.1.2. **Anna Maria VREY**, g. 19 Apr 1814 in Plettenbergbaai, George,<sup>8</sup> gedoop 4 Sep 1814 in George.<sup>8</sup>

1.2.1.3. **Daniel Johannes VREY**, g. 23 Jul 1820,<sup>8</sup> gedoop 22 Jul 1821 in George,<sup>8</sup> s. 29 Sep 1904 in Laingsburg,<sup>4</sup> beroep boer. MOOC 1904/2829 84j 3m.

Hy trou<sup>5</sup> (1) **Anna Catharina CLOETE**, g. 15 Jul 1824 in Kaap,<sup>4</sup> (dogter van Gert CLOETE en Maria CLAAZEN) s. 19 Jun 1845.<sup>4</sup> **Anna**: MOOC 1845/8007 20j 11m 4d.

Hy trou<sup>5</sup> (2) **Catharina Margaretha LE GRANGE**, g. 2 Apr 1805 in Boerboonfontein, Ladismith,<sup>4</sup> (dogter van Louis LE GRANGE en Jeanetta VAN ZYL) gedoop 1 Des 1805,<sup>6</sup> s. 2 Okt 1884 in Plaas Hoeko, Ladysmith,<sup>4</sup> verw. nr. b1c1d2e12.<sup>6</sup> **Catharina**: MOOC 1884/9365 79j 6m.

Hy trou<sup>5</sup> (3) **Isabella Wilhelmina STRUMPHER**, g. 21 Sep 1835 in Prins Albert, Kaap,<sup>7</sup> (dogter van Johan Willem STRUMPHER en Johanna Jacoba Elizabeth DE BEER) s. 25 Mrt 1904 in Prins Albert, Kaap.<sup>4</sup> **Isabella**: MOOC 1904/980 68j 6m.

1.2.1.3.1. **Barend Johannes VREY**, (seun van Daniel Johannes VREY en Anna Catharina CLOETE) g. 3 Mei 1844 in Rietfontein, Mosselbaai,<sup>8</sup> gedoop 24 Nov 1844 in George,<sup>8</sup> s. 9 Des 1899,<sup>4</sup> beroep veeboer. MOOC 1900/120.

Hy trou **Maria Magdalena CLOETE**, trou<sup>9</sup>.

1.2.1.3.1.1. **Daniel Johannes VREY**, g. 3 Des 1876,<sup>10,9</sup> gedoop 1 Apr 1877 in Mosselbaai NGK.<sup>9</sup>

1.2.1.3.1.1.1. **Jan Hendrik Christoffel VREY**, g. 9 Jun 1910 in Mosselbaai,<sup>11</sup> s. 23 Okt 1988 in Robertson.<sup>11</sup>

Hy trou<sup>11</sup> **Susanna Elizabeth KRIEK**, g. 8 Sep 1915 in Albertinia.<sup>11</sup>

1.2.1.3.1.1.1.1. **Daniel Johannes VREY**, g. 15 Mei 1936 in Mosselbaai.

Hy trou<sup>11</sup> **Elizabeth Maria Magdalena AUCAMP**, g. 1 Jun 1939 in Warden,<sup>11</sup> (dogter van Marthinus Wessel AUCAMP en Cornelia Johanna DU PLESSIS).

1.2.1.3.1.1.1.1.1. **Christoffel Johannes VREY**, g. 30 Apr 1961 in Nelspruit.<sup>11</sup>

1.2.1.3.1.1.1.1.2. **Marthinus Wessel VREY**, g. 13 Jun 1963 in Nelspruit.<sup>11</sup>

1.2.1.3.1.1.1.1.2.1. **Lathan VREY**, g. 23 Des 1997.<sup>11</sup>

1.2.1.3.1.1.1.1.3. **Annelie VREY**, g. 2 Jul 1968 in Rustenburg.<sup>11</sup>

1.2.1.3.1.2. **Anna Catharina VREY**, g. 1882.<sup>10</sup>

1.2.1.3.1.3. **Barend Wilhelmus VREY**, g. 1885.<sup>10</sup>

1.2.1.3.1.4. **Gert Johannes VREY**, g. 1887.<sup>10</sup>

1.2.1.3.1.5. **Maria Magdalena VREY**, g. 1889.<sup>10</sup>

1.2.1.3.1.6. **Johanna Christina VREY**, g. 1892.<sup>10</sup>

1.2.1.3.1.7. **Stoffelina VREY**, g. 1894.<sup>10</sup>

1.2.1.3.1.8. **Stephanus Johannes VREY**, g. 1898.<sup>10</sup>

1.2.1.3.2. **Maria Magdalena VREY**, (dogter van Daniel Johannes VREY en Catharina Margaretha LE GRANGE).

Sy trou **Christoffel Frederik DE WIT**.

1.2.2. **Hendrik VREY**, (seun van Daniel VREY en Sophia Catharina BARNARD) g. 10 Feb 1793 in Swellendam,<sup>4</sup> gedoop 8 Des 1793,<sup>2</sup> s. 26 Mei 1872 in Waaikraal, Aberdeen,<sup>4</sup> verw. nr. b2c2,<sup>2</sup> beroep veeboer. MOOC 1872/8670 79j 3m 16d. 1839 Burger Zwartruggens, Graaff-Reinet, Kaap.

Hy trou (1) **Maria Catharina NEL**, trou 6 Feb 1819 in Swellendam,<sup>12</sup> g. 17 Apr 1804 in Zwartberg, Beaufort,<sup>4</sup> (dogter van Johannes (Jan) NEL en Maria Catharina STRYDOM) gedoop 18 Jan 1805,<sup>7</sup> s. 30 Nov 1836 in Plaas Plessisrivier, Graaff-Reinet.<sup>4</sup> **Maria**: MOOC 1842/5653 32j 7m 13d.

Hy trou (2) **Elizabeth Catharina Magdalena FRITZ**, trou 12 Sep 1842 in Graaff-Reinet,<sup>6</sup> g. 1 Okt 1825 in Graaff-Reinet,<sup>6</sup> (dogter van Johannes Joost (Jurgen) FRITZ en Elsie Maria Cornelia ROETS) gedoop 5 Mrt 1826 in Beaufort-Wes, s. 6 Des 1872 in Swanepoelspoort, Aberdeen,<sup>4</sup> verw. nr. b2c1d1.<sup>6</sup> **Elizabeth**: {F140} MOOC 1873/8988 47j Haar sterfkennis dui haar moeder se name aan as Elizabeth Magdalena.

1.2.2.1. **Magdalena VREY**, (dogter van Hendrik VREY en Maria Catharina NEL) g. cir 1824.<sup>7</sup>

1.2.2.2. **Daniel Jacobus Nikolaas VREY**, (seun van Hendrik VREY en Maria Catharina NEL).

1.2.2.3. **Johannes Jacobus Paulus VREY**, (seun van Hendrik VREY en Maria Catharina NEL) g. 11 Jul 1825.<sup>13</sup>

Hy trou<sup>9</sup> **Hester Johanna WIENIKES**.

1.2.2.3.1. **Cornelia Frederika VREY**, g. 7 Mei 1845 in Zwarteruggens,<sup>14</sup> gedoop 12 Okt 1845 in Uitenhage Ned Herv Kerk.<sup>14</sup>

1.2.2.3.2. **Hendrik VREY**, g. 6 Sep 1846 in Zwarteruggens,<sup>14</sup> gedoop 8 Feb 1847 in Uitenhage Ned Herv Kerk.<sup>14</sup>

1.2.2.4. **Hendrik VREY**, (seun van Hendrik VREY en Maria Catharina NEL) g. 28 Des 1827,<sup>15</sup> gedoop 9 Sep 1828 in Swellendam.<sup>15</sup>

Hy trou **Carolina Frederika Hendrika DEYSEL**, trou 6 Okt 1851 in Graaff-Reinet,<sup>6</sup> g. 20 Feb 1829 in Swartruggens, Graaff-Reinet,<sup>4</sup> (dogter van Reinier Gerhardus DEYSEL en Martha Sophia BEZUIDENHOUT) gedoop 12 Jul 1829 in Graaff-Reinet,<sup>6</sup> s. 29 Mrt 1867 in Cyfer, Graaf Reinet.<sup>4</sup> **Carolina**: MOOC 1867/13591 38j 1m 9d.

1.2.2.4.1. **Hendrik VREY**, g. 28 Mrt 1855.<sup>13</sup> Sy geboortedatum word op die IGI aangedui as 27.03.1856.

1.2.2.4.2. **Reinier Gerhardus VREY**, g. 21 Jun 1860,<sup>13</sup> s. 10 Feb 1915 in Somerset-Oos,<sup>4</sup> beroep bouer. MOOC 1915/460 woon op Someset Oos. Die IGI gee sy geboortedatum aan as 21.06.1859.

Hy trou (1) **Margaret NN**, trou in Somerset-Oos.<sup>5</sup>

Hy trou<sup>5</sup> (2) **Mina Ellandina JOHANNES**.

1.2.2.4.2.1. **Cornelis VREY**, (seun van Reinier Gerhardus VREY en Margaret NN) s. < 1915.<sup>10</sup>

1.2.2.4.2.2. **Henry VREY**, (seun van Reinier Gerhardus VREY en Margaret NN).

1.2.2.4.2.3. **Daniel VREY**, (seun van Reinier Gerhardus VREY en Margaret NN).

1.2.2.4.2.4. **Annie VREY**, (dogter van Reinier Gerhardus VREY en Margaret NN).

1.2.2.4.2.5. **Dollie VREY**, (dogter van Reinier Gerhardus VREY en Margaret NN).

1.2.2.4.2.6. **John VREY**, (seun van Reinier Gerhardus VREY en Margaret NN). Hy veg in Gideon Scheepers se kommando in die Anglo-boereoorlog.

1.2.2.4.2.7. **Renier VREY**, (seun van Reinier Gerhardus VREY en Margaret NN) s. < 1915.<sup>10</sup>

1.2.2.4.3. **Daniel Johan Frederik VREY**, g. 27 Aug 1864.<sup>13</sup> Sy geboortedatum word op die IGI aangedui as 28 Augustus 1863.

1.2.2.5. **Willem Johannes Petrus VREY**, (seun van Hendrik VREY en Maria Catharina NEL) g. 18 Okt 1831,<sup>13</sup> gedoop 29 Jul 1832 in Swellendam.<sup>15</sup> (Willem Jacobus Paulus of soms ook Willem Jacobus Petrus).

1.2.2.6. **Anna Magdalena Maria VREY**, (dogter van Hendrik VREY en Maria Catharina NEL) g. 31 Okt 1834,<sup>16</sup> gedoop 19 Mei 1835 in Swellendam.<sup>16</sup> Haar 3rde naam woord soms aangedui as Cornelia of ook as Catharina. Die sterfkennis van haar moeder dui haar geboortedatum aan as 9 Nov 1834.

Sy trou **Gerrit KNOETZE**, trou 10 Jan 1853 in Graaff-Reinet,<sup>6</sup> g. 1797,<sup>6</sup> (seun van Gerrit KNOETSEN en Anna Maria BUITENDAG) s. 6 Jun 1882 in Boshof,<sup>6</sup> verw. nr. b8c4d1e1.<sup>6</sup> **Gerrit**: Hy was eers getroud met Johanna Elizabeth Roets, by wie hy 14 kinders gehad het. Hy het nog 4 kinders by Anna Vrey gehad.

1.2.2.7. **Elizabetta Maria Cornelia VREY**, (dogter van Hendrik VREY en Elizabeth Catharina Magdalena FRITZ). (of Elizabetta Magdalena Catharina Cornelia).

Sy trou **Carel Jacobus Johannes DIEDERIKS**, trou 20 Des 1858 in Aberdeen, Graaff-Reinet.<sup>6</sup> **Carel**: ouers onbekend (H&L).

1.2.2.8. **Sophia Magdalena VREY**, (dogter van Hendrik VREY en Elizabeth Catharina Magdalena FRITZ).

Sy trou **Jacob Jacobus Johannes SWART**.

1.2.2.9. **Petronella Catharina Johanna Magdalena VREY**, (dogter van Hendrik VREY en Elizabeth Catharina Magdalena FRITZ). Of ook Petronella Catharina Magdalena Johanna.

Sy trou **Adriaan Gabriel Jacobus DIEDERIKS**, trou 31 Okt 1864 in Aberdeen, Graaff-Reinet.<sup>6</sup> **Adriaan**: ouers onbekend (H&L).

1.2.2.10. **Albertina Catharina Johanna VREY**, (dogter van Hendrik VREY en Elizabeth Catharina Magdalena FRITZ).

Sy trou<sup>13</sup> **Jacobus DIEDERIKS**, verw. nr. ongeklasseer.

1.2.2.11. **Barend Cornelis VREY**, (seun van Hendrik VREY en Elizabeth Catharina Magdalena FRITZ). Waarskynlik voor 1872 oorlede.

1.2.2.12. **Engela Maria Cornelia VREY**, (dogter van Hendrik VREY en Elizabeth Catharina Magdalena FRITZ).

1.2.3. **Magdalena Petronella VREY**, (dogter van Daniel VREY en Sophia Catharina BARNARD) gedoop 3 Mei 1795,<sup>2</sup> verw. nr. b2c3.<sup>2</sup>

1.2.4. **Daniel VREY**, (seun van Daniel VREY en Sophia Catharina BARNARD) g. 1795 in George,<sup>4</sup> gedoop 8 Mei 1796,<sup>2</sup> s. 18 Nov 1875 in Ladismith, Kaap,<sup>4</sup> verw. nr. b2c4,<sup>2</sup> beroep boer. MOOC 175/2305 80j. Geen kinders. Lidmaat van die Swellendam Kerk (21.2.1830).

Hy trou **Helena Susanna VAN WYK**, trou 7 Des 1817,<sup>2</sup> g. 1797 in Buffelsfontein, Ladismith,<sup>4</sup> (dogter van Barend Jacobus VAN WYK en Johanna Helena VOSLOO) s. 20 Des 1876 in Ladismith, Kaap.<sup>4</sup> **Helena**: {F140} MOOC 1877/3624 79j Hulle het geen kinders gehad nie. De Villiers toon haar in die Geslagsregisters van die ou Kaapse Families as getroud met Daniel, b2. Dit blyk egter foutief te wees, aangesien sy met Daniel se seun, b2c4 getroud was (vergelyk MOOC 1875/2305 en MOOC 1877/3624).

1.2.5. **Anna Margaretha VREY**, (dogter van Daniel VREY en Sophia Catharina BARNARD) gedoop 9 Apr 1798,<sup>2</sup> verw. nr. b2c5.<sup>2</sup> Heese / Lombard dui haar voorname aan as Anna Magdalena.

1.2.6. **Jacobus Marthinus VREY**, (seun van Daniel VREY en Sophia Catharina BARNARD) gedoop 8 Mrt 1799 in Swellendam,<sup>17,18</sup> verw. nr. b2c6.<sup>2</sup> Lidmaat van die Swellendam Kerk (7.12.1816).

Hy trou (1) **Johanna Helena VAN WYK**, trou 8 Des 1816,<sup>19</sup> g. 30 Apr 1792 in Kaap,<sup>4,18</sup> (dogter van Barend Jacobus VAN WYK en Johanna Helena VOSLOO) gedoop 16 Jun 1792,<sup>19,18</sup> s. 5 Sep 1837 in Graaff-Reinet,<sup>4,18</sup> verw. nr. b5c4d7e1.<sup>2</sup> **Johanna**: wed van Nicolaas Frans Alberts MOOC 1837/2470 37j.

Hy trou (2) **Susanna Elizabeth COETZER**, trou 11 Aug 1838 in Swellendam.<sup>12</sup>

1.2.6.1. **Sophia Jacoba VREY**, (dogter van Jacobus Marthinus VREY en Johanna Helena VAN WYK) g. 6 Nov 1819 in Langeberg,<sup>20</sup> gedoop 3 Apr 1820 in Swellendam,<sup>20</sup> s. 8 Nov 1883 in Rustenburg,<sup>21</sup> verw. nr. b2c6d1.<sup>2</sup>

Sy trou (1) **Johannes Willem MINNIE**, trou 31 Jul 1836 in Graaff-Reinet,<sup>6</sup> g. 10 Nov 1805,<sup>6</sup> (seun van Jan Willemsse MINNIE en Wilhelmina Johanna JOUBERT) gedoop 10 Jul 1808 in Graaff-Reinet.<sup>6</sup>

Sy trou<sup>21</sup> (2) **Joseph ROBBERTSE**, gedoop 8 Apr 1792,<sup>21</sup> verw. nr. b1c7d11.<sup>21</sup> **Joseph**: Woon waarskynlik in Tarka, Somerset en gaan moontlik op trek 2.11.1837, MHG 0/2441 (Voortrekkerstamouers 1835-1845, Jan Visagie).

1.2.6.2. **Daniel Johannes VREY**, (seun van Jacobus Marthinus VREY en Johanna Helena VAN WYK) g. 14 Jul 1821 in Grootswartberg,<sup>20</sup> gedoop 23 Des 1821 in Swellendam,<sup>20</sup> s. 15 Jul 1886 in Meiringspoort,<sup>4</sup> verw. nr. b2c6d2,<sup>2</sup> beroep landbouer. MOOC 1886/1242 65j. Lidmaat van die Swellendam Kerk (14.4.1838).

Hy trou **Maria Dorothea AHLERS**, trou 28 Feb 1842 in George,<sup>6</sup> g. 13 Feb 1818,<sup>6</sup> (dogter van Johannes Jacobus AHLERS en Elsie Charlina DOMAIN) gedoop 23 Apr 1818 in Tulbagh, Kaap,<sup>6</sup> verw. nr. b7c3.<sup>6</sup>

1.2.6.2.1. **Jacobus Marthinus VREY**.

1.2.6.2.2. **Johanna Susanna VREY**.

Sy trou **Nicolaas Thomas HITGE**, trou 25 Sep 1871 in Willowmore, Kaap,<sup>6</sup> g. 13 Des 1848,<sup>6</sup> (seun van Coenraad Anthonie Jacobus HITGE en Johanna Maria Catharina DE VOS) gedoop 13 Des 1848 in Uitenhage.<sup>6</sup>

1.2.6.2.3. **Johannes Jacobus VREY**.

1.2.6.2.4. **Marie VREY**.

Sy trou<sup>10</sup> **Hendrik DAVEL**.

1.2.6.2.5. **Daniel Johannes VREY**.

1.2.6.2.6. **Magdalena VREY**.

Sy trou<sup>10</sup> **Hercules DU PREEZ**.

1.2.6.2.7. **Elsie (Elizabeth) Sarelina VREY**, g. 12 Mrt 1843,<sup>8</sup> gedoop 11 Sep 1943 in George.<sup>8</sup>

Sy trou **Herculaas Johannes Salomon DU PREEZ**, trou 1 Jun 1868 in Oudtshoorn, Kaap.<sup>22</sup>

1.2.6.3. **Jacoba Marthina VREY**, (dogter van Jacobus Marthinus VREY en Johanna Helena VAN WYK).

Sy trou<sup>13</sup> **Marthinus SMIT**.

1.2.6.4. **Helena Susanna VREY**, (dogter van Jacobus Marthinus VREY en Johanna Helena VAN WYK).

Sy trou<sup>6</sup> **Louis Almero KOK**, (seun van Johannes Hendrik Chrisoffel KOK en Jeanetta Helena Hendrina LA GRANGE) gedoop 8 Apr 1822,<sup>6</sup> s. 15 Jun 1894 in Boshof,<sup>6</sup> verw. nr. b2c5d4.<sup>6</sup> **Louis**: 71j 9m 20d.

1.2.6.5. **Barend Jacobus VREY**, (seun van Jacobus Marthinus VREY en Johanna Helena VAN WYK) g. 7 Feb 1826,<sup>15</sup> gedoop 11 Des 1827 in Swellendam,<sup>15</sup> s. 9 Jul 1921 in Rustenburg.<sup>7</sup> Daar is 'n klagte op 22 April 1851 ingedien deur Willem Venter. Dit handel oor 'n voorval in Potchefstroom waar Willem met die vuis geslaan is deur Adolf van Coller in die teenwoordigheid van Willem se broer en Barent Vry. (F136, JM).

Hy trou (1) **Elizabeth Johanna Maria HEYNS**, trou 3 Nov 1847 in Potchefstroom,<sup>7</sup> g. 1826,<sup>7</sup> verw. nr. ongeklasseer.<sup>6</sup>

Hy trou (2) **Elizabeth Johanna DU PLESSIS**, trou 25 Feb 1871 in Rustenburg Hervormde Kerk,<sup>23</sup> g. 9 Feb 1838 in Pietermaritzburg,<sup>23</sup> s. 1913.<sup>19</sup> **Elizabeth**: Weduwe Philippus Lodeicus Erasmus. Sien ook TAB MHG 0/19533.

1.2.6.5.1. **Helena Susara VREY**, (dogter van Barend Jacobus VREY en Elizabeth Johanna DU PLESSIS) g. 10 Sep 1873 in Rustenburg,<sup>19</sup> gedoop 5 Okt 1873 in Rustenburg,<sup>19</sup> s. 10 Jan 1952 in Christiana.<sup>19</sup> Sy was die ouma van die bekende politikus, Pik Botha.

Sy trou **Christiaan Lourens DREYER**, trou cir 1898 in Rustenburg,<sup>19</sup> (seun van Thomas Frederik DREYER en Susanna Jacoba Hendrika J VAN RENSBURG) gedoop 1859 in Koster,<sup>19</sup> s. 11 Aug 1941 in Rietfontein, Rustenburg.<sup>19</sup>

1.2.6.6. **Anna Maria Magdalena VREY**, (dogter van Jacobus Marthinus VREY en Johanna Helena VAN WYK) g. 28 Okt 1832,<sup>7</sup> s. 15 Mei 1885 in Witpoortjie, Wyk Vlaskrivier, Heidelberg.<sup>4</sup> MHG O/2883 52j 4m 18d.

Sy trou **John GRAY**, trou 25 Des 1848 in Riversdal,<sup>7</sup> g. 22 Okt 1828 in Skotland,<sup>6</sup> s. 23 Nov 1901 in Pretoria,<sup>6</sup> verw. nr. stamvader.<sup>6</sup> **John**: John Grey (later Gray) en Anna Vrey is die stamouers van die Gray familie in SA. In 1848 boer hy op Weltevreden, Zwartberg naby Ladysmith. Trek in 1861 na die plaas Witpoortjie en in 1887 na Doornfontein, Potchefstroom. <Janet Melville>. Hulle het 19 kinders gehad. Hy xx 1887 Isabella Jacomina van Tonder.

1.2.7. **Adam Johannes VREY**, (seun van Daniel VREY en Sophia Catharina BARNARD) gedoop 9 Des 1800 in Swellendam,<sup>17</sup> verw. nr. b2c7.<sup>2</sup> Lidmaat van die Swellendam Kerk (26.7.1817). Vertrek na Worcester 5.11.1836.

Hy trou (1) **Elsie Johanna Maria FOURIE**, trou 6 Jun 1824 in Swellendam,<sup>12</sup> g. 1808 in Worcester,<sup>4</sup> (dogter van Johannes Jacobus FOURIE en Petronella Hermina KOCK) gedoop 21 Feb 1808,<sup>7</sup> s. 8 Jul 1841 in Klein Swartberg,<sup>4</sup> beroep boervrou. **Elsie**: MOOC 1841/5139 33j.

Hy trou (2) **Catharina Maria REID**, trou 30 Jan 1842 in Worcester,<sup>7</sup> gedoop 20 Sep 1826.<sup>7</sup>

1.2.7.1. **Daniel VREY**, (seun van Adam Johannes VREY en Elsie Johanna Maria FOURIE) g. 26 Sep 1826,<sup>15</sup> gedoop 30 Nov 1826 in Swellendam.<sup>15</sup>

1.2.7.2. **Johannes Jacobus Marthinus VREY**, (seun van Adam Johannes VREY en Elsie Johanna Maria FOURIE) g. 18 Mei 1828,<sup>15</sup> gedoop 9 Apr 1829 in Swellendam,<sup>15</sup> s. 19 Okt 1871 in Prins Albert, Kaap,<sup>4</sup> beroep boer. MOOC 1871/7521 44j. Kom van Baardmansfontein, Prince Albert toe hy trou.

Hy trou **Johanna Catharina SWANEPOEL**, trou 5 Okt 1846 in Prins Albert, Kaap,<sup>7</sup> g. 15 Jun 1828,<sup>7</sup> (dogter van Petrus Johannes Jochemus SWANEPOEL en Catharina Elisabeth SWANEPOEL) gedoop 2 Nov 1828 in Worcester.<sup>7</sup> **Johanna**: Sy kom ook van Baardmansfontein, Prins Albert.

1.2.7.2.1. **Adam Johannes VREY**, g. Jul 1846 in Loskop, Albert,<sup>4</sup> s. 13 Apr 1907 in Prins Albert, Kaap,<sup>4</sup> beroep landbouer en veeboer. MOOC 1907/1108 60j 1m.

Hy trou<sup>5</sup> **Elizabeth Elsie Petronella NIEMAND**, g. 15 Okt 1866,<sup>4</sup> (dogter van Marthinus Johannes NIEMAND en Elizabeth Elsie Petronella OLIVIER) s. 15 Aug 1906.<sup>5</sup> **Elizabeth**: MOOC 1906/2539 39j 10m.

1.2.7.2.1.1. **Marthinus Frederik Gerhardus ACKERMAN**. aangenome seun.

1.2.7.2.2. **Catharina Elizabeth Magdalena VREY**, g. 18 Okt 1850,<sup>7</sup> gedoop 9 Nov 1851 in Prins Albert, Kaap.<sup>7</sup>

1.2.7.2.3. **Pieter Johannes VREY**. jongman van Geelbek.

Hy trou **Anna Maria Magdalena MEYBURGH**, trou 23 Des 1878 in Prins Albert, Kaap,<sup>23</sup> (dogter van Albertus Johannes MEYBURGH).

1.2.7.2.4. **Elsie Johanna VREY**.

Sy trou<sup>6</sup> **Frans Frederikus DEKKERS**, (seun van Francois Petrus Frederik DEKKERS en Johanna Jacoba Magdalena STEYN) verw. nr. b4c9.<sup>6</sup>

1.2.7.2.5. **Johanna Catharina VREY**, g. 1852.<sup>7</sup>

Sy trou **Barend Johannes Jacobus BIRK**, trou 18 Aug 1879 in Prins Albert, Kaap,<sup>6</sup> g. 12 Jul 1851,<sup>7</sup> (seun van Johannes Lodewyk BIRK en Engela Maria STEYN) gedoop 8 Feb 1852 in Prins Albert, Kaap,<sup>7</sup> verw. nr. b4c7,<sup>6</sup> beroep veeboer. **Barend**: kom van Floriskraal.

1.2.7.2.6. **Johannes Jacobus VREY**.

1.2.7.3. **Petronella Hermina Susanna VREY**, (dogter van Adam Johannes VREY en Elsie Johanna Maria FOURIE) g. 5 Jan 1830,<sup>15</sup> gedoop 21 Feb 1830 in Swellendam,<sup>15</sup> s. 12 Des 1887 in Prins Albert, Kaap.<sup>7</sup>

Sy trou **Willem Hendrik Christoffel SWANEPOEL**, trou 21 Feb 1847,<sup>7</sup> g. 28 Mrt 1826,<sup>7</sup> (seun van Jan Hendrik SWANEPOEL en Magdalena Susanna ROUX) gedoop 29 Okt 1826 in Swellendam.<sup>7</sup>

1.2.7.4. **Sophia Catharina VREY**, (dogter van Adam Johannes VREY en Elsie Johanna Maria FOURIE) g. cir 1832.<sup>7</sup>

Sy trou<sup>7</sup> **Joseph Johannes Christiaan VAN WYK**.

1.2.7.5. **Adam Johannes VREY**, (seun van Adam Johannes VREY en Elsie Johanna Maria FOURIE) gedoop 18 Aug 1835 in Worcester.<sup>7</sup>

Hy trou<sup>24</sup> **Fredrika Jacoba FOURIE**, g. 2 Des 1833 in Prins Albert, Kaap,<sup>4</sup> (dogter van Frederik Jacobus FOURIE en Johanna Elizabeth BRITS) s. 22 Jun 1873 in Prins Albert, Kaap.<sup>4</sup> **Fredrika**: MOOC 1873/9577 39j 6m 20d.

1.2.7.5.1. **Adam Johannes VREY**.

1.2.7.5.2. **Johanna Elizabeth VREY**.

1.2.7.5.3. **Elsie Petronella VREY**.

1.2.7.5.4. **Hendika Jacoba VREY**.

1.2.7.5.5. **Frederik Jacobus VREY**.

1.2.7.5.6. **Petronella Susanna VREY**.

1.2.8. **Sophia Catharina VREY**, (dogter van Daniel VREY en Sophia Catharina BARNARD) gedoop 23 Jan 1803 in Swellendam,<sup>17</sup> s. < 1846,<sup>10</sup> verw. nr. b2c8.<sup>2</sup> Lidmaat van die Swellendam Kerk (21.2.1830).

Sy trou (1) **Gerhardus Petrus NEL**, trou 7 Mei 1820 in Swellendam,<sup>12</sup> (seun van Jan Johannes NEL en Maria Francina VAN DER VYVER) gedoop 6 Des 1801,<sup>7</sup> verw. nr. b9c2d4e5.<sup>25</sup> **Gerhardus**: (Gerrit of Gert).

Sy trou (2) **Dirk Johannes Albertus CRAFFORD**, trou 19 Jun 1836 in Swellendam,<sup>6</sup> (seun van Jan Frederik Pieter Cornelis CRAFFORT en Hester Catharina DU PLESSIS) gedoop 4 Nov 1810,<sup>6</sup> verw. nr. b4c8d2.<sup>6</sup>

1.2.9. **Cornelis VREY**, (seun van Daniel VREY en Sophia Catharina BARNARD) g. 2 Jul 1805 in Kaap Kolonie,<sup>4</sup> gedoop 28 Mrt 1806 in Ladismith, Kaap,<sup>2,22,6</sup> s. 17 Nov 1858 in Hoeko, Ladismith, Kaap,<sup>4,6</sup> verw. nr. b2c9,<sup>2</sup> beroep landbouer.<sup>6</sup> De Villiers, CC / Pama C (Geslagsregisters van die Ou Kaapse families, 1981) gee sy naam aan as Cornelis Johannes. Sy sterfkennis en die boedels van sy seuns Daniel, Cornelis en Jan Tielman gee sy naam aan as slegs Cornelis. Die doop datum en sterf datums kom ooreen met de Villiers se inligting en dit kan dus aanvaar word dat dit wel dieselfde persoon is.

De Villiers / Pama verwys ook na sy vrou MSP Blignaut. Daar word egter geen melding van sy vrouens gemaak op die sterfkennis nie. Sy seuns hierbo se sterfkennis gee hulle moeder se name aan as Dina Carolina Jacoba Catharina Olivier. Dit word ook op Dina se sterf kennis bevestig. Cornelis se jongste dogter se voorletters (MSP) stem ooreen met die van MSP Blignaut soos per De Villiers se inligting. Die volle voorname van Mev Blignaut is dus ook afgelei van hierdie dogter se name. Die twee jongste kinders verskyn nie op Dina se sterf kennis nie en dit word daaruit afgelei dat hul albei kinders van Mev Blignaut moet wees. Bevestiging moet egter nog verkry word.

Die drie seuns van Cornelis Vrey het die Kaap verlaat om na die Transvaal te verhuis. Daniel en Cornelis het blykbaar

saam getrek na die Transvaal tussen 1860 en 1865. In 1860 is Daniel se seun (Daniel) nog in Ladysmith in die Kaap gebore. In 1865 het Daniel en Cornelis kinders by Krugersdorp gehad. Op 20 November 1865 het Daniel en Cornelis ook saam 'n memorandum onderteken waarin ontevredenheid uitgespreek word oor die optrede van die President van die Uitvoerende Raad en die Kommandant Generaal in verband met die veldtog teen Moshoeshoe en ook ander administratiewe regerings sake. Hierdie memorandum is deur meer as 'n honderd burgers onderteken. Op 19 Januarie 1866 onderteken Daniel ook 'n versoekskrif waarin die regering gevra word om sekere wette en ordinansies voorlopig buite werking te stel totdat die volk die geleentheid gehad het om hulle daarvoor uit te spreek (Sien Volksraads notules Deel V 1854-1866). Daniel en Cornelis het op die plaas Holfontein in die Krugersdorp distrik gevestig.

Hulle jonger broer, Jan Tielman, het eers na Natal verhuis, waar hy verskeie jare gewoon het, voordat hy ook na die Transvaal verskuif het om op die plaas Vryheid in die Wakkerstroom distrik te vestig.

MOOC 1858/5672 (LDS) 53j 6m 19d.

Hy trou (1) **Dina Carolina Jacoba Catharina OLIVIER**, trou 4 Apr 1824 in Swellendam,<sup>12,6</sup> g. 8 Apr 1809 in Kaap Kolonie,<sup>4</sup> (dogter van Gerrit Cornelis OLIVIER en Dina Johanna Magdalena OOSTHUIZEN) gedoop 12 Des 1809 in Swellendam,<sup>7,6</sup> s. 9 Mrt 1844,<sup>4</sup> verw. nr. b4c10d2e7,<sup>26</sup> verw. nr. b4c11d2e7.<sup>6</sup> **Dina**: MOOC 1844/7225 (LDS).

Hy trou<sup>2</sup> (2) **Margaretha Susanna Petronella BLIGNAUT**, g. 29 Okt 1826,<sup>7</sup> (dogter van Andreas Petrus BLIGNAUT en Maria Magdalena Petronella VAN WYK) gedoop 25 Feb 1827 in Swellendam,<sup>7</sup> s. 24 Aug 1912.<sup>7</sup> **Margaretha**: Sy hertrou 24.12.1860 met Pieter Guillaume Langenhoven. Sy het vir sn. CJ Langenhoven (kind van haar suster) groot gemaak nadat sy moeder 5 dae na sy geboorte gesterf het (Janet Melville).

1.2.9.1. **Daniel VREY**, (seun van Cornelis VREY en Dina Carolina Jacoba Catharina OLIVIER) g. 21 Jun 1826,<sup>15</sup> gedoop 30 Nov 1826 in Swellendam,<sup>15</sup> s. 11 Feb 1903 in Holfontein, Krugersdorp,<sup>4,6</sup> beroep boer.<sup>6</sup> MHG 2724 76j. Boer op plaas Holfontein 35, Krugersdorp. SAG (Olivier familie) toon sy geboortedatum aan as 26 Mei.

Hy trou **Helena Magdalena Susanna OLIVIER**, trou in Swellendam,<sup>5,6</sup> g. 18 Mrt 1828 in Ladysmith, Kaap,<sup>4,6</sup> (dogter van Jan Tielman OLIVIER en Maria Magdalena VAN DER MERWE) gedoop 2 Nov 1828 in Swellendam,<sup>6</sup> s. 30 Aug 1905 in Holfontein, Krugersdorp,<sup>4,6</sup> verw. nr. b4c11d2e3f6.<sup>6</sup> **Helena**: MHG 7365, 77j 5 1/2m.

1.2.9.1.1. **Maria Magdalena VREY**. Sien ook LDS film 2034528.

Sy trou **Jacobus Petrus VAN DEN BERG**, trou 1 Des 1865 in Potchefstroom.<sup>6</sup> **Jacobus**: ouers onbekend (H&L).

1.2.9.1.2. **Dina Carolina Jacoba Catharina VREY**, g. cir 1851 in Weltevreden, Ladysmith,<sup>4</sup> s. 29 Okt 1882 in Doringfontein, Potchefstroom.<sup>4</sup> MHG 2165.

Sy trou (1) **Coenraad Christoffel Andries LABUSCHAGNE**, trou 27 Mrt 1868,<sup>6</sup> g. 11 Sep 1829 in Kaap,<sup>27</sup> (seun van Frans LABUSCHAGNE en Magdalena Maria Adriana KLOPPER) gedoop 26 Des 1829 in Cradock,<sup>6</sup> s. 5 Feb 1871 in Koesterfontein, Rustenburg,<sup>4</sup> begrawe in Koesterfontein, Rustenburg,<sup>27</sup> verw. nr. b2c8d10e4,<sup>6</sup> beroep landbouer. **Coenraad**: MHG 0/13715 45j. Wew Magdalena Jacoba Johanna Wilhelmina Basson. Sy grafsteen dui sy sterfdatum aan as 5 Feb 1871, 41j 4m 25d oud, terwyl sy sterfkennis die datum aandui as 7 Jan 1871, 45j oud. TAB verwysing vir CCA: CJC 745, 1100, MHG 2165 (DCJD Vrey), 1796/46, 9286/69, 7342/74. o/3873.

Sy trou (2) **Willem Johannes Jacobus KOK**, g. 5 Mrt 1850 in Bloemfontein,<sup>4</sup> (seun van Gert Johannes KOK en Anna Magdalena VAN DER MERWE) s. 9 Mrt 1918 in Doornfontein 39, Krugersdorp.<sup>4</sup> **Willem**: MHG 34752 68j 4d. Boer op Doornfontein 39, pk Bank, Krugersdorp. Hy xx Elsje Isabella Jacoba Bloem (3 kinders) en xxx Cornelia Margaretha Reeders (2 kinders).

1.2.9.1.3. **Jan Tielman VREY**, g. 6 Jun 1854,<sup>28</sup> s. 17 Des 1893 in Holfontein, Krugersdorp.<sup>4</sup> MHG 0/8587.

Hy trou **Jacoba Johanna KLOPPERS**, trou 24 Feb 1877 in Rustenburg, Transvaal,<sup>22</sup> g. 19 Mei 1857 in Kaap Kolonie,<sup>28</sup> (dogter van Stephanus Petrus KLOPPERS en Jacoba Johanna BLOM) s. 4 Aug 1901 in Krugersdorp konsentrasiekamp.<sup>4</sup> **Jacoba**: MHG 0/8587 43j, sy xx Joel Daniel FOURIE.

1.2.9.1.3.1. **Daniel Cornelis VREY**, g. 2 Feb 1878 in Brandvlei, Krugersdorp,<sup>29</sup> s. 8 Jun 1942 in Brandvlei, Krugersdorp,<sup>4</sup> beroep boer. MHG 2800/42 64j 4m woon op Brandvlei 21, Krugersdorp. Besit eindomme: deel B (bestaan uit 3 dele van 174 morg 223 vierkante roede, 14m 107r en 2m 485r) van

plaas Brandvlei 21, Krugersdorp; deel E 6.0421 morg, deel S 8.9520 morg en deel X 69.6878 morg. Sy trousetifikaat dui sy geboorteplek aan as Holfontein, Krugersdorp.

Hy trou **Cornelia Pieterella VAN DEN BERG**, trou 9 Des 1902 in Krugersdorp, Ned. Herv. Kerk,<sup>23</sup> g. 20 Nov 1880 in Brandvlei, Krugersdorp,<sup>4</sup> (dogter van Johannes Petrus Louis VAN DEN BERG en Elizabeth Chatharina DU TOIT) s. 8 Nov 1967 in Krugersdorp hospitaal.<sup>4</sup>  
**Cornelia**: TAB MHG 5018/68.

1.2.9.1.3.1.1. **Jacoba Johanna VREY**, g. 7 Mei 1905.<sup>28</sup>

Sy trou **Stephanus Ignatius SAIMAN**, g. 28 Sep 1914.<sup>28</sup>

1.2.9.1.3.1.2. **Cornelia Petronella VREY**, g. 17 Jun 1909.<sup>28</sup>

Sy trou<sup>10</sup> **Paulus Jacobus BURGER**, g. 24 Mrt 1909.<sup>28</sup>

1.2.9.1.3.1.3. **Jan Daniel VREY**, g. 25 Jan 1922.<sup>10</sup>

Hy trou<sup>28</sup> **Francina Petronella BOTHA**, g. 7 Des 1924.<sup>28</sup>

1.2.9.1.3.1.3.1. **Maria Elizabeth VREY**, g. 25 Aug 1957.<sup>28</sup>

1.2.9.1.3.1.3.2. **Cornelis VREY**, g. 17 Jun 1960.<sup>28</sup>

1.2.9.1.3.2. **Stefanus Petrus VREY**, g. 22 Okt 1879,<sup>29</sup> s. in Johannesburg.<sup>30</sup>

Hy trou<sup>28</sup> **Helena Barnadina SCOTT**, g. 1 Mrt 1878,<sup>28</sup> s. Nov 1947 in Johannesburg.<sup>30</sup>

1.2.9.1.3.2.1. **Jan Tielman VREY**, g. 11 Des 1904 in Morgenzon,<sup>27</sup> s. 1 Aug 1984 in Randgate,<sup>27</sup> begrawe in Randfontein munisipale begrafplaas.

Hy trou (1) **Anna Elizabeth VILJOEN**, trou 21 Sep 1926 in Randgate NGK,<sup>31</sup> g. 24 Sep 1910 in Vogelstruisfontein, Krugersdorp,<sup>27,4</sup> (dogter van Francois Petrus VILJOEN en Petronella Sophia VAN DEN BERG) s. 24 Mei 1973 in Robinson Hospitaal, Randfontein,<sup>27,4</sup> begrawe in Randfontein munisipale begrafplaas, id-nr. 100924 0002 006,<sup>4</sup> woonplek in Strydomstraat 104, Randgate.<sup>4</sup> **Anna**: MHG 5232/73.

Hy trou (2) **Engela BLIGNAUT**, trou 5 Jan 1974 in Randgate.<sup>30</sup>

1.2.9.1.3.2.1.1. **Petronella Sophia VREY**, (dogter van Jan Tielman VREY en Anna Elizabeth VILJOEN) g. 7 Apr 1931 in Randgate,<sup>31</sup> s. 9 Jun 1976 in Warner Beach, Natal Suidkus.<sup>31</sup>

Sy trou **Cornelis Johannes VAN DER HEEVER**, trou 21 Jan 1950 in Randgate,<sup>30</sup> g. 22 Apr 1929 in Mafikeng, KP,<sup>31</sup> (seun van Christiaan Mauritz VAN DER HEEVER en Elizabeth Sophia LIEBENBERG) s. 22 Nov 1993 in Pretoria.<sup>31</sup>

1.2.9.1.3.2.1.2. **Helena Barnadina VREY**, (dogter van Jan Tielman VREY en Anna Elizabeth VILJOEN) g. 29 Jul 1934 in Randgate, Randfontein.<sup>30</sup>

Sy trou **Hendrik Johannes VAN DER HEEVER**,<sup>30</sup> trou 29 Nov 1952 in Randgate, Randfontein,<sup>30</sup> (seun van Christiaan Mauritz VAN DER HEEVER en Elizabeth Sophia LIEBENBERG).

1.2.9.1.3.2.1.3. **Anna Elizabeth VREY**, (dogter van Jan Tielman VREY en Anna Elizabeth VILJOEN) g. 25 Jul 1938 in Randgate.<sup>30</sup>

Sy trou **Solomon Ignatius STRYDOM**, trou 28 Jun 1958 in Randgate,<sup>30</sup> g. 17 Aug 1935 in Boons.<sup>28</sup>

1.2.9.1.3.2.1.4. **Johanna Christina VILJOEN**, (dogter van Jan Tielman VREY en Anna Elizabeth VILJOEN). Wettiglik aangenome kind.

Sy trou **nn GROVE**, trou<sup>13</sup>.

1.2.9.1.3.2.1.5. **Janetta Susanna NAUDE**, (dogter van Jan Tielman VREY en Anna Elizabeth VILJOEN) g. 9 Okt 1947 in Randgate.<sup>30</sup> Wettiglik aangenome kind.

Sy trou **Frederik Daniël JACOBS**, trou 5 Jul 1965 in Randgate,<sup>30</sup> g. 22 Jul 1946.<sup>28</sup>

1.2.9.1.3.2.2. **Johanna Catharina Adriana VREY**, g. 9 Apr 1907.<sup>28</sup>

Sy trou<sup>28</sup> **Petrus Johannes MEINTJIES**, g. 20 Jul 1905.<sup>28</sup>

1.2.9.1.3.2.3. **Wynand Frederik VREY**, g. 26 Jun 1909,<sup>28</sup> s. 5 Sep 1957.<sup>28</sup>

Hy trou<sup>28</sup> **Helena Cornelia Fredrieka LOMBAARD**, g. 28 Nov 1910.<sup>28</sup>

1.2.9.1.3.2.3.1. **Stephanus Petrus VREY**, g. 3 Jan 1934.<sup>28</sup>

Hy trou<sup>28</sup> **Marina Maria VORSTER**, g. 7 Mei 1944.<sup>28</sup>

1.2.9.1.3.2.3.1.1. **Maria Magdalena VREY**, g. 19 Apr 1965.<sup>28</sup>

1.2.9.1.3.2.3.1.2. **Helena Cornelia Fredrieka VREY**, g. 3 Aug 1966.<sup>28</sup>

1.2.9.1.3.2.3.2. **Fredrieka Magrieta VREY**, g. 7 Aug 1935.<sup>28</sup> (Rita).

Sy trou<sup>28</sup> **Christiaan Petrus BRONKHORST**, g. 15 Okt 1931.<sup>28</sup>

1.2.9.1.3.2.3.3. **Petrus Johannes VREY**, g. 21 Jun 1942.<sup>28</sup>

